SUKSESVOLLE VESTIGING VAN MEERJARIGE GEWASSE

Met die aanbreek van herfs en winter raak dit weer tyd vir beplanning en grondvoorbereiding vir die vestiging van permanente gewasse, of selfs die vervanging van bestaande hektare wat nie meer optimaal produseer nie.

Die huidige koste van grondgebruik noop produsente ook deesdae om selfs minder geskikte grond voor te berei en tot op ’n vlak te bring waar dit voldoende sal wees om permanente gewasse te onderhou en goeie opbrengste te lewer.

Grondklassifikasie en monsterneming moet vooraf plaasvind waarna die nodige chemiese en organiese toevoegings gemaak word. Grondbewerking moet daaropvolgend plaasvind om goed deurlugte grondvrugbaarheid te bewerkstellig wat as fondament sal dien vir die jare wat kom.

Vanaf die eerste seisoen moet aandag gegee word aan berekende besproeiing en voedingspraktyke om te verseker dat ’n gesonde stelsel vanaf die wortelsone ontwikkel word.

Atlantic Fertilisers sal jou tegnies ondersteun met jou grondvoorbereidingsbeplanning en jou van raad en bemestingsprogramme voorsien om die

jong boom of stokkie te ondersteun in die eerste jare van ontwikkeling, asook tydens produksie.

Die voortdurende bou en ondersteuning van biologiese aktiwiteit in die grond, die insluiting van dekgewasse of grondbedekkers en die voorsiening van voedingstowwe teen die regte konsentrasies en hoeveelhede, is die metode wat gevolg word om suksesvolle aanplantings en produksies te verseker.

Met Atlantic Fertilisers se produkreeks bestaande uit grondkondisioneerders van gekomposteerde en verpilde hoendermisprodukte, chemiese verrykte hoendermisprodukte (veral vir sanderige en klipperige grond waar dit dien as vrugbare agtergrond), asook biostimulante soos die baie gewilde Ocean Nutrition, (vishidrolisaat) en top- wateroplosbare produkte, spoorelement-en blaarspuitprodukte, kan produsente uitsien na goeie produksies en gebalanseerde en gesonde landbougrond.

Kontak ons vir raad en advies met die suksesvolle vestiging van al jou meerjarige gewasse.

Besoek www.atlanticfertilisers.co.za.